HOERSKOOL DIAMANTVELD KOSHUISE

KOSHUISBELEID- EN REËLS

- Aile inskrywings moet skriftelik voltooi word en by die koshuis of skool ingehandig word [1 per leerder].
- Daar word voorkeur aan broers en susters, wat reeds in koshuis inwoon, gegee vir keuring.
- Oud-inwoners se kinders kry ook voorkeur.
- **LOSIESGELDE** - Alle gelde is vooruitbetaalbaar.
- Indien u elektronies wil betaal:
  NAAM: HOËRSKOOL DIAMANTVELD
  BANK: ABSA - KIMBERLEY
  TAK NO: 632 005
  REKENING NO: 940280044 VERWYSING: KH/U kind se naam
- Faks asseblief alle bewyse aan Hoërskool Diamantveld.
  (Faksnr.: **053- 833 1534**)
- Geen leerder wie se ouerhuis nader as 25 km vanaf skool is, sal oorweeg word nie.
- Elke aansoek word deeglik deur die koshuiskomitee ondersoek en oorweeg.
- Ouers sal vanaf **EINDE OKTOBER** elke jaar in kennis gestel word of die aansoek aanvaar is of nie.
- Suksesvolle aansoeke sal **PER SMS ASOOK MET 'N DEKBRIEF VAN DIE KOSHUIS** bevestig word.
- Leerders moet die volgende saambring:
  Eie beddegoed
  Bedmatjie (indien hulle so voel)
  Vier slotte om kaste te sluit
  Skool- en sportklere asook gemaklike drag
  Medikasie (indien daagliks gebruik moet word) - die koshuis voorsien GEEN medikasie nie.

1. Absolute netheid word verwag t.o.v. inwoners se kamers en kaste.
2. Sorg dat deure nie klap nie en dat vensters vasgedraai is.
3. Leerders moet toesien dat blindings te alle tye opgepas word.
4. **GEEN** gespeel met balle ens. asook hardlopery in gange/badkamers, sal geduld word nie.
5. Strooi van rommel word verbied, binne en buite die koshuisgebou.
6. Alle klere moet te alle tye in kaste gebêre word.
7. Alle kamers word soggens voor ontbyt uitgevee, vullis in die groot dromme gesit en gange skoongemaak word.
8. Spaarsleutels van kaste kan by Superintendent vir bewaring ingegee word.
9. Alle breekskade moet dadelik aangemeld word.
10. **NIEMAND** mag tydens skoolure die koshuis sonder 'n toestemmingsbrief besoek nie, hierdie brief word by die Matrone ingehandig.
11. Die toestemmingsbrief moet by Mnr. Smith in die sportkantoor afgehaal word, maar slegs in **NOODGEVALLE.**
12. **GEEN PRENTE** mag teen kasdeure, mure geplak word nie.
13. **GEEN DOMPELAARS, KETELS, VERWARMERS, WARMKOMBERSE** word toegelaat nie - hier gaan baie streng opgetree word.
14. Alle vensters moet met naweke, voor skool en vakansie toegemaak word voordat die kamer verlaat word.
15. Indien inwoners siek is, moet by persoon aan diens aanmeld word - inwoners mag nie by die koshuis bly indien nie met Superintendent gereël is nie.
16. **SOGGENS MOET KOSHUIS OM 07:15 VERLAAT** word sodat inwoners betyds is vir skool.
17. **GEEN DWELMS, ALKOHOL, TABAK ENS.** mag op die terrein gebruik word nie.
18. Daar is 'n Koshuiskomitee wat die oortreders volgens wet sal vervolg/straf.
19. 'n Lys met strawwe vir oortredings sal met aankoms aan jou oorhandig en deeglik met jou bespreek word.

KOMBUIS

1. **GEEN** inwoner word in die kombuis of eetsaal toegelaat anders as tydens etenstye nie.
2. **GEEN EETGEREI** mag deur enige persoon uit eetsaal verwyder word nie.
3. Bederfbare kos kan in die koeler gestoor word - reël met onderwyser aan diens.

EETSAAL

1. Daar word te alle tye **SELFDISSIPLINE** in die eetsaal van elke inwoner verwag.
2. Die instap en uitstap by die eetsaal sal aan jou verduidelik word.
3. **ALMAL** moet alle etes bywoon.
4. **GEEN KOS** mag uit eetsaal geneem word nie.
5. Etes word in volle skooldrag of volle sportdrag bygewoon.

WAS VAN KLERE

1. Klere moet **DUIDELIK GEMERK** wees indien dit hier gewas word.
2. Handig dit **MAANDAG VOOR ONTBYT** in.
3. Skoon klere kan **WOENSDAGMIDDAG NA ETE AFGEHAAL** word.
4. Klere wat jy self was, moet jy in die waskamers was en die wasgoed moet op die voorsiene lyne gehang word.

VOORPORTAAL

1. Hou die voorportaal altyd netjies en skoon - ons ontvang hier mense en die indruk wat hier geskep word is blywend.
2. Die grasperk agter en langs die koshuis en ontspanningsaal kan hiervoor gebruik word.

ONTSPANNINGSAAL , SNOEPIE EN TV-KAMER

1. Dit is alles vir jul gerief! - hou dit netjies en moenie die TV en sitkamerstelle verniel nie!
2. Programme op TV en video's word vanaf die Superintendent se huis gekontroleer en persoon op diens sal video's aanskakel.
3. Die pooltafel en die tafeltennis-tafel is slegs vir **INWONERS!**

ALGEMEEN

1. **WOENSDAE IS JUL VRY OM IN SKOOLKLERE OF INFORMELE SKOODRAG** die dorp te besoek.
2. Stap altyd in groepe.
3. **GEEN INWONER MAG IN 'N MOTOR KLIM** indien dit nie jou ouers of familielid is nie.
4. Ouers mag inwoners kom uitteken indien **ETES EERS GENEEM WORD EN IN VOLLE SKOOL-DRAG OF INFORMELE SKOOLDRAG.**
5. Geen inwoner mag gedurende 'n akademiese aand uitslaap nie.
6. 'n In- en Uittekenboek, wat in voorportaal is, moet ingevul word voordat jy koshuis verlaat.
7. Ouers mag onder geen omstandighede leerders uit koshuis neem **INDIEN DIE ONDERWYSER of SUPERINTENDENT** nie kennis daarvan dra nie!!
8. Indien daar mediese afsprake is wat nagekom moet word, moet daar met Superintendent gereël word om vervoerreëlings te tref.
9. Geen inwoner mag die koshuisgronde verlaat indien hy/sy nie die In- en Uittekenboek geteken het nie.
10. Geen sport, kultuur word tydens studietye toegelaat.
11. Almal moet om **17:30** terug wees in die koshuis.
12. Stort en badtye sal deur prefekte aan jul bekendgemaak word.
13. Verhoudings met teenoorgestelde geslag moet so plaasvind dat jul nie vir ander 'n verleentheid sal wees nie.
14. **GEEN BESOEKER** mag **IN DIE KAMERS** van inwoners ingaan nie.
15. Ouers kan in kamers ingaan met die toestemming van die persoon aan diens of die Superintendent.

NAWEKE

1. Daar is **3 [DRIE]** uitnaweke elke kwartaal - die datums sal die eerste week van die jaar aan jul deurgegee word.
2. **ALMAL** moet daardie naweke die koshuis verlaat.
3. Vakansies en van die uitnaweke gebruik ons die koshuis vir toergroepe - daar sal dan van jou verwag word om alle besittings saam huis toe te neem.
4. Leerders wat naweke inbly, sal slegs toegelaat word om koshuis te verlaat indien daar skoolaktiwiteite is of jou ouers jou besoek.
5. Besoekers mag ontvang word.
6. Teken elke Vrydagoggend in op naweeklyste vir die naweek se etes.
7. Aile inwoners moet deur hul ouers naweke uitgeteken word.
8. Die deure sluit Sondae vanaf **12:00 tot 15:00.**
9. Sondagaande **MOET** almal wat inkom, voor **8 uur (20:00)** hier wees.
10. Geen laatkommers sal toegelaat word indien ouers nie met ons reël nie.

STUDIE

1. Geen verpligte studie in middae nie - **SLEGS EKSAMENTYE** - inwoners is welkom op eie tyd te studeer.
2. Saans- **19:15 tot 21:30.**
3. Almal studeer in die studiesaal op die tweede vloer.
4. Graad 12's en leerders met met 'n gemiddeld van 75% en hoër studeer in hulle kamers.

KOSHUISKOMITEE

Die koshuiskomitee bestaan uit 5 ouers, die skoolhoof, 'n adjunkhoof en die Superintendent.

RIGLYNE VIR 'N DISSIPLINÊRE VERHOOR

ALGEMENE OORTREDINGS

- Koshuis verlaat sonder toestemming:
  Ouers word in kennis gestel - diens doen tydens etes in kombuis ens.
- Nie by reëls rondom etelyste hou tydens eksamens en naweke nie:
  Ouers gaan 'n rekening ontvang vir voedsel vermors.
- Swak gedrag in eetsaal:
  Ouers word in kennis gestel en na 2 waarskuwings verskyn die inwoner voor komitee -'n rekening word aan die ouers gestuur.
- Studie ontwrig en nie bywoon nie:
  Alle voorregte ontneem.
- Probleme met kombuispersoneel of studiepersoneel:
  Alle voorregte ontneem.

ERNSTIGE OORTREDINGS

- Opsetlike breekskade:
  Ouers ontvang 'n rekening - na 2 oortredings verskyn inwoner voor die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee.
- Gebruik van alkohol of dwelms/tabak ens.:
  Skorsing deur die komitee.
- Diefstal:
  Skorsing deur die komitee.
- Ontgroenings-reël oortree:
  Skorsing deur die komitee.
- Gevang word in dogters of seuns slaapkwartiere:
  Skorsing deur Beheerliggaam se dissiplinêre komitee.